Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

17 Februarie 2017
Nr 6/2017

Sinodale nuus

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op *21 Februarie 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: **MT 17:1-9**
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Konferensie oor die Huwelik: Uitnodiging aan leraars en kerkrade

Sprekers wat sal optree sluit onder andere in drr. Fanie Cronje, James Kirkpatrick, Johan van den Heever, Dewyk Ungerer en proff Johan van der Merwe en Daniel Louw
Plek: NG Raslouw
Datum: *21 en 22 Februarie 2017*
VBO Krediete: **Kursusgangers ontvang 11 VBO krediete** [Lees die volledige inligting hier...]

Harmonie Park – hou Markdag!!

Wanneer: Saterdag, *4 Maart 2017*, vanaf 08:00-13:00
Waar: Steve Bikostraat 125, Sunnyside
Boereworsrolletjies, kerrie en rys, pannekoek, poeding en nog meer. 'n Teetuin, naaldwerk en ander uitstallings.
Navrae: 012-440 3357 / 012-440 3137 of besoek www.harmoniepark.co.za.

CMR-Noord: Kom maak jou stem dik... saam met TUKS Camerata en bring hoop vir talle wat in stilte hulle kruis moet dra.

Waar: Musaion, Universiteit van Pretoria
Wanneer: *16 Maart 2017* [18:30 vir 19:00]
Kaartjes @ R200 sluit 'n aand van ongelooflike musiek, 'n ligte ete en 'n glas wyn in.
Besprekings: 012 460 9272 / 012 333 0421 / marketing@cmrn.co.za

Nampo + #Imagine = Lekker tye!

Die **#Imagine Jeugfees** word hierdie jaar van *18-20 Maart* by Nampo aangebied. Ons hoop om 3000-4000 jongmense van regoor die land by Nampo bymekaar te maak om 'n bees van 'n kamp te hê.
Die #Imagine jeugfeeste is gemik op hoërskoolleerlinge wat saam met hul bedieningsleiers kom kamp. Dit bied 'n uitstekende geleentheid om jongmense

opgewonde te maak en toe te rus vir die werk wat hulle kan doen om 'n positiewe verskil te maak in Suid-Afrika. Daar is ook 'n opvolgprogram na die tyd wat tienerbedieninge wil help om terug by die huis nuwe uitdagings aan te pak. Die kostes beloop R550.00 en sluit alle maaltye in.
Inskrywings vir individue kan gedoen word deur itickets by by https://itickets.co.za/events/372077, of groepbesprekings kan gedoen word deur die feeskantoor, noorde@imaginemovement.co.za.
Ons het op **sinodale vlak** drie **vervoerroetes** om die reis na Nampo makliker te maak, skakel gerus met die koördineerders:

Pretoria en omstreke – *EJ Leach*, NG Waverley-Oos, 082 459 9727, ejleach@gmail.com
Brits, Rustenburg, Thabazimbi en omstreke – *Frans du Plessis*, NG Brits, 078 095 0616, fransdp@icloud.com
N1 roete Polokwane - Bela Bela – *Jacques Erasmus*, 072 653 9845, ds.jacques.erasmus@gmail.com
Feeskoördineerder: *Fouché de Wet*, NG Stellastraat, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za

Kollega nuus

❖ Beroepe/bevestigings/emeritaat

Gustav Claassen [Algemene Sinode] is onlangs aan Pretoria-Oos gekoppel.

❖ Hospitaal

Frans du Plessis [Brits] was onlangs in die hospitaal.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

18/02 Jacques Erasmus [Hulp en Hoop, 072 653 9845, ds.jacques.erasmus@gmail.com]
20/02 Gustav Claassen [Algemene Sinode, 082 856 1943, gustavcl@mweb.co.za]
Peet Crous [Lynnwood, 079 893 5572, peetcrous@gmail.com]
JZ de Jager [Thabazimbi, 072 475 8152, jzdjager@gmail.com]
Bernard Rademeyer [Emeritus, 083 231 3033, bernardrademeyer1@gmail.com]
23/02 Pieter Grobler [Emeritus, 083 268 9842, pbgrobler@gmail.com]

18/02 Petro Small [Petronella, 012-545 4093, ngpetronella@mweb.co.za]
Nicolene Venter [Piet Potgietersrust, 015-491 3032, phventer@mweb.co.za]
21/02 Hanneke Claassen [Algemene Sinode, 082 856 1943, gustavcl@mweb.co.za]
23/02 Annet Wolhuter [Monumentpark, 014-717 5442, wolliewolhuter@telkomsa.net]
Lene Viljoen [Kameeldrif, 084 608 2859, drianviljoen@gmail.com]
Jennifer Botha [Andrew Murray, 082 873 2528, stefan@drcamp.co.za]

Gemeente nuus

❖ Storie van Hoop... Stellastraat ruil seer oog vir gemeenskaps-tuin [*Berig het in die amptelike nuusbrief van NG Wes-Kaapland verskyn*]

By Stellastraat het ons die afgelope klompie jare die gewoonte om die eerste week van September Omgewingsweek te hou. Al die eredienste op die eerste Sondag van September het 'n skeppingsfokus, en ons pak dan ook 'n ekologieprojek aan as deel van ons getuienis. Ons doen projekte soos om groentetuine saam met ander gemeenskappe te plant, of begin herwinningsprojekte, of maak openbare stukke grond mooi. Oorkant die kerkkompleks is 'n driehoekige padreserwe wat ons gebruik vir parkering op Sondae. In 2014 het die idee aan 'n gemeenskapstuin oorkant die kerk gegroei vanuit twee gedagtes... [Lees die volledige storie hier...]

❖ Overkruin: Optrede deur Jak de Priester

Waar: Kameeldoringlaan 65, Wonderboom
Wanneer: Saterdag, *18 Februarie 2017* [09:45]
Kaartjies @ R100.00 per persoon beskikbaar! Kontak Anél Conradie by 082 459 1474.
Almal welkom en heerlike verversings/wegneemetes

❖ Ring van Daspoort: Homoseksualiteit in die Bybel onder leiding van drr **Fanie Cronjé** en **Kobus Myburgh**

Waar: Mootvallei [h/v Louis Trichardtstraat en Morganlaan, Parktown, Pretoria]

- Donderdag *23 Februarie* [19:00] - Tekste in die Nuwe Testament

❖ **Tuinrand** hou 'n **Mini-basaar** op Vrydag, *24 Februarie 2017* vanaf 16:00 tot laat Kom geniet hamburgers, pannekoek, koeldrank, koffie & tee, jaffels en veel meer.
Adres: h/v Louise en Diamandstraat, Claremont.
Navrae: Hanli Neuhuber by tel 012-379 2268

❖ **Pierneef** hou **karnaval** op Saterdag, *4 Maart 2017*
'n Smullekker ontbyt word vanaf 08:00 bedien. Kosstalletjies en speletjies sal vanaf 10:00 in volle bedryf wees. 'n Vendusie word ook vanaf 11:00 gehou.
Hierdie jaar word daar weer *Pick-'n-Box* gespeel met groot pryse op die spel, onder andere 'n wegbreek-naweek by Sondela Natuurreservaat vanaf 26-29 Mei 2017!
Die aand word rugby op 'n grootskerm gekyk en vind daar 'n bring-en-braai plaas.
Navrae: Dawid Grobbelaar (084 549 7060) of Charene Agenbach (082 834 9971)

❖ **Kameedrif** hou **BlouWildeFees** op Saterdag, *4 Maart 2017*
Kameeldrif hou jaarliks 'n jagpakketveiling by ons BlouWildeFees. Hierdie jaar vind dit op 4 Maart plaas. Ons vat hande met kleiner gemeentes (Marken en Malopo) om baie goeie jagpakkette aan die publiek beskikbaar te stel. Die fondse wat so geïn word, gaan vir die bediening in die drie gemeentes.
Kliek hier om meer van die Jagpakketveiling en Donkiefees uit te vind

❖ **Riviera-Jakaranda** hou **basaar** op Vrydag, *10 Maart* om 16:00. Kom geniet lekker verversings en mooi handwerk items ens.
Adres: Blakestraat 125, Riviera
Navrae: riviera@mweb.co.za / tel 012 329 3601

Ander nuus

❖ **ALFA Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsentrum (Gestig:1987)** : **Jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens** - *1 Maart 2017* tot *28 Februarie 2018*
(**Teikengroep**: Studente, predikante, jeugwerkers, onderwysers, maatskaplikewerkers, enige professionele persone, en persone wat verryk wil word. Persone moet rekenaar geletterd wees of toegang daartoe hê)
- **Kursusleiers en supervisors**: Drs Jan Botha, Retha Kruidenier en ander kundiges.
- **Werkswyse**: Die kursus duur 1 jaar en word afgehandel as: twee van die verpligte werkswinkels bygewoon is; drie opdragte uit Module 3 soos ooreengekom suksesvol voltooi en afgehandel is; 'n mini-skripsie van 60 bladsye ingelewer is en die 30 ure praktiese werk onder die leiding van 'n goedgekeurde supervisor afgehandel en haar/sy evalueringsverslag ingedien is by die kursusleiers (sperdatum: 31 Januarie 2018)
- **Werkswinkels**: Agt werkswinkels/kontaksessies (2 in Pretoria, 2 in Bloemfontein, 2 in George en 2 in Stellenbosch)
- **Status van kursus**: Sertifikaat. Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte**.
- **Registrasie:** Tot en met 29 Februarie 2017 – kliek hier vir volledige inligting asook vir registrasie!

Navrae: Dr *Jan Botha* [tel 012 5463545, sel 0764815683 en e-pos jan@pastoralepraktyk.co.za] / Dr *Retha Kruidenier* [tel 012 3291352, sel 0824138462 en e-pos retha@geo-logic.co]

❖ **UP Fakulteit Teologie:**

➢ **Uitnodiging na Wydingsdiens en Simposium en derde AS Geyser Gedenklesing**

- **'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'** Simposium oor opdra van die Eeufeesuitgawes - Maandag, *6 Maart 2017* om 14:00, Merensky-ouditorium, Universiteit van Pretoria
  RSVP asseblief teen *20 Februarie 2017* deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur. [Lees hier meer]
- **'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'** Derde A.S. Geyser Gedenklesing - Donderdag, *30 Maart 2017* om 14:00, Universiteit van Pretoria
  RSVP asseblief teen *20 Maart 2017* deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur. [Lees hier meer]

_____

➢ **Uitnodiging na openbare lesing van prf Dirkie Smit**

Prof Johan Buitendag, Dekaan van die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria, nooi u hiermee vriendelik uit na 'n openbare lesing deur prof Dirkie Smit, emeritusprofessor in Sistematiese Teologie by die Universiteit van

Stellenbosch en ereprofessor by die Humboldt-universiteit in Berlyn. Hierdie geleentheid maak deel uit van die Fakulteit Teologie se Eeufeesvieringe.
Titel: 'Speaking of the Sacred? On political-theological discourses'
Datum: Woensdag *8 Maart 2017*
Tyd: 09:30
Plek: Eeufeeslesingsaal 2-10, Teologiegebou
Drag: Kantoordrag
RSVP: Mnr Dana Mahan, tel 012 420 6655 teen ***28 Februarie 2016*** – klik hier

❖ Excelsus nuus

Die **Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**, Universiteit van Pretoria, nooi alle belangstellendes hartlik uit om die volgende ***dagkursus*** wat deur *Excelsus* in samewerking met *St Augustine College of SA* aangebied word, by te woon:

Tema: "Wat is die Mens dan... *inleidende kortkursus oor die belang van menswaardigheid*"
Wanneer: Donderdag *9 Maart 2017* [09:00 – 16:00]
Waar: St Augustine College of SA (53 Ley Rd, Victory Park, Johannesburg)
Aanbieders: Drr Jaco Kruger en André Bartlett
Koste: *R 300-00* p/p (verversings ingesluit) / (R180-00 p/p vir studente, emeriti en pensioenarisse)
VBO-punte: 6 punte
Navrae en inskrywings: *Kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 vóór 6 Maart 2017 indien u die kursus wil bywoon.* Of besoek *www.excelsus.org.za* / Facebook-blad.
****** *(Die inskrywingsvorm is hierby aangeheg)*

Hierdie kursus het ten doel om kerkleiers – en enige belangstellendes – vertroud te maak met die kerklike gesprek rondom menswaardigheid. Waarom is dit belangrik dat die NG Kerk/familie juis nou in 'n seisoen van menswaardigheid is? Die kursus behoort deelnemers toe te rus met basiese filosofiese en teologiese denke oor menswaardigheid, sodat gemeentes toegerus kan word om in woord en daad hieroor leiding in ons samelewing te gee.

➢ Sertifikaatkursus in *Bedieningsvernuwing*

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods.
Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:

- *28-30 Maart 2017*
- *23-25 Mei 2017*
- *15-17 Augustus 2017*

Koste: R830.00 per module [R7 470.00 vir die volle 3 jaar]
Vir meer besonderhede kontak *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of 012-420 6738.

➢ Sertifikaatkursus in *Bedieningsontwikkeling*

Excelsus het verlede jaar begin met 'n Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling vir predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening.
Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening.
Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by. Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).

- **Vir meer besonderhede** kontak **Rika van Rensburg** by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738. Besoek ook www.excelsus.org.za / Facebook-blad]

❖ Sentrum vir Spiritualiteit [Ring van Suidoos-Pretoria]

Naweekretreat : *21-23 April 2017*

Waar: Padre Pio retreatsentrum in Rietvalleirand, Pretoria. ('n Mooi retreatsentrum van die Franciskane.)
Tema: *NAVOLGING – die diepte-dimensie van Jesus se uitnodiging* - Aangebied deur Willem en Joke Nicol.
Prys vir volle losies: R1250 per persoon vir 'n enkelkamer en ook as jy 'n kamer met iemand deel.
Betaal met inskrywing liefs die volle bedrag, anders R300 deposito.
As jy wil inskryf:

1. sms vir Helena Sander om te vra of daar nog plek is: 0823352290
2. sodra jy 'n ja per sms ontvang, kan jy betaal: HJM Sander, Absa spaarrekening 113091088 (Tak: Woodlands, takkode 630-193)
3. skryf "retreat + jou van + jou noemnaam by die betaling

4. epos 'n bewys van betaling aan Helena by sanderhelena0@gmail.com
5. as jy dit deur die bank stuur, stuur dan net 'n aparte epossie vir Helena, want ons benodig jou eposadres
6. meld duidelik daarop vir watter bywoners die betaling is

Indien jy nog nie gewoond is aan periodes van sowat 20 minute stilte nie en sal wil praat oor maniere van stilword, kontak Willem gerus, ook vir meer inligting: wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

❖ Volmoed Young Adult Leadership Training Programme [VYLTP]

Wanneer: *21 Mei 2017- 4 Augustus 2017*
Waar: Volmoed Retreat Sentrum, in die Hemel-en-Aarde Vallei naby Hermanus.
Brosjure: Kliek hier - http://christianspirit.co.za/wp-content/uploads/2016/06/VYLTP_2017.pdf
Inskrywings: Skryf elektronies in by www.christianspirit.co.za/volmoed-registration. Inskrywings sluit *15 March 2017*.

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek *http://bybel-Media.co.za*]

  Lees in **LiG se Maart-uitgawe** waarin...

  ... Zetske van Pletzen vertel hoe haar hart wil ontplof van liefde vir haar nuwe babaseuntjie. Ons gesels met 'n entrepreneur wat ten spyte van geweldige pyn, 'n betekenisvolle leef. 'n Leser vertel ook van 'n giftige slangbyt en hoe dit haar lewe verander het.

  Ontgin jou kind se potensiaal met ons intelligensie-gids. Kry raad oor hoe om jou afgetrede ouers te ondersteun, en lees die stories van paartjies wat hul hart oopmaak oor onvrugbaarheid.

  Indien jy vandeesmaand op *LiG* inteken, staan jy 'n kans om 'n toer na Israel te wen!

  Kry ook jou gespreksgids vir selgroepe in elke uitgawe van *LiG*.

  Inligting, navrae en diensverskaffing: Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210 of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

  _____

- **CLF-nuus**

  Nuutste pamflet: ***Hoe praat ek met my bure wat nie Christene is nie?*** *Deur prof Piet Meiding*

  Christelike Lektuurfonds (CLF) se nuutste pamflet – "Hoe praat ek met my bure wat nie Christene is nie" – gee praktiese beginsels en riglyne oor hoe om verhoudinge oor godsdienstige grense te bou. Om soos Jesus onsself in die skoene van die ander persoon te plaas en te vertel van die Lig wat in ons leef.

  Hierdie publikasie – geskryf deur die bekende teoloog *Prof Piet Meiring* – kan met vrug gebruik word deur enige lidmaat wat hulle geloof prakties wil uitleef en gehoor wil gee aan Jesus se sendingopdrag in Matteus 28:19.

  Bestellings en navrae: Pamflette kan gratis bestel word deur CLF te kontak by 021 8736964, 'n e-pos te stuur aan order@clf.co.za of ons webtuiste te besoek by http://bit.ly/2kNXrTu

  _____

- **Teo.co.za-nuusbrief** [Besoek *http://teo.co.za/*]

❖ Harmonie Park – *Tuiste in die stad*

- **Harmoniehof Tuiste vir Bejaardes** – Daar is 'n aantal kamers by Harmoniehof beskikbaar. Veilige, gesellige en bekostigbare verblyf wat naby groot hospitale en inkopiesentrums is. Selfsorg, semi-sorg en volle versorging.
- **Harmonie Oord** – Daar is tans 5 kamers by Harmonie Oord beskikbaar. Dit is twee enkelkamers vir mans en twee vir dames. Die koste beloop R1155 per maand as die persoon net SASSA of 'n gelyksoortige pensioen kry. Indien die pensioen meer is, tree 'n glyskaal inwerking. Die persone moet ouer as 60 jaar wees en nog selfversorgend wees.

Navrae: 012-440 3357, epos na admin@harmoniepark.co.za of besoek www.harmoniepark.co.za

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers om enige sake vir voorbidding aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- **Sinodale Diensraad (SDR) vergadering: 24 Februarie 2017**
- **Dreigende water tekort in die Kaap.**
- **Dankie vir goeie reën en riviere wat na jare weer vloei**
- **Boere se uitdagings tov plae en droogte**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Vakature

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika **benodig die dienste van 'n toegewyde christen as Sekretaresse**: Vir 'n ⅝ pos in die Department wat die NG Kerk bedien vanuit die Kempton Park Administratiewe Sentrum.

Pligte:

● Algemene sekretariële pligte, insluitend die volgende voorvereistes:

Vereistes:

● Graad 12 ● Sekretariële ondervinding ● 'n Self-gemotiveerde, gedissiplineerde en betroubare persoon ● Uitstekende inter-persoonlike vaardighede ● Ten volle rekenaargeletterd: Word, Excel, Power Point, Outlook, Internet Explorer en sosiale media ● Uitstaande kommunikasie-vaardighede in ten minste Afrikaans en Engels ● Vermoë om met gemak binne spanverband te kan opereer ● Baie goeie kennis van die NG Kerk en sy strukture

Ons bied 'n mededingende vergoedingspakket

Diensaanvaarding: *So gou moontlik*

Applikante kan hulle CV's stuur na: *Sekretaresse: Bestuurshoof; Bybelgenootskap van SA, e-pos: dorfling@biblesociety.co.za*

Sluitingsdatum: *24 Februarie 2017* - Suksesvolle kandidate sal genooi word vir 'n onderhoud.

❖ Noordoos-Pretoria: Vakature: Leraar

Die kerkraad nooi gelegitimeerdes met volle ampsbevoedheid binne die NG Kerk om aansoek te doen vir bg vakature.

Gemeenteprofiel: Die gemeente is deel van die Noordelike Sinode van die NGK en val binne die ringsgebied van Derdepoort. Die gemeente is geleë in die residensiële gebiede van Queenswood, Kilnerpark en Waverley, en bestaan uit 520 belydende- en 75 dooplidmate. Die ouderdomsverspreiding is; bo 60 52%, 46-59 16%, 26-45 14%, onder 25 18% en vereis spesifieke aandag vir elke ouderdomsgroep.

Die gemeente is projekgedrewe met bedieningsfokusareas van aanbidding, toerusting en diensgetuienis deur al die ouderdomsgroepe. 'n Deeglike doelwitbeplanningskedule bestaan. Die bedieningsmodel is 'n kombinasie van die herder/kudde en liggaam van Christus model.

Die groot aantal lidmate bo 60 vereis 'n baie persoonlike bediening. Siekesorg stel hoë vereistes.

Leraarsprofiel: Die suksesvolle kandidaat sal 'n ervare leraar wees (minstens 8 jaar bedieningservaring) wat die gemeenteprofiel met entoesiasme en toewyding in ag sal neem.

Aansoeke: Belangstellendes stuur 'n beknopte CV (2 A4) aan die kerkkantoor en voltooi 'n vraelys wat by die kerkkantoor beskikbaar is.

Sluitingsdatum van aansoeke: *31 Maart 2017*.

Diensaanvaarding: *1 Augustus 2017*

Navrae: Ds Thinus Grobler (012 333 4319 / 082 564 2722), e-pos marthinusjpgrobler@gmail.com of die administratiewebeampte (Piet Theron), kerkkantoor (012 333 5526 / 083 313 6263), epos - nosspta@mweb.co.za

❖ 2016 Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Ian Stanton* [072 281 1634; ISianstanton@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

- **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - Kliek hier

- **Ten slotte**
  Onderhandelinge vind op alle vlakke plaas... Kliek hier

BYLAES

Storie van Hoop
NG Stellastraat: Ekologie – Ruil seer oog vir Groentetuin!

By Stellastraat het ons die afgelope klompie jare die gewoonte om die eerste week van September Omgewingsweek te hou. Al die eredienste op die eerste Sondag van September het 'n skeppingsfokus, en ons pak dan ook 'n ekologieprojek aan as deel van ons getuienis. Ons doen projekte soos om groentetuine saam met ander gemeenskappe te plant, of begin herwinningsprojekte, of maak openbare stukke grond mooi. Oorkant die kerkkompleks is 'n driehoekige padreserwe wat ons gebruik vir parkering op Sondae.
In 2014 het die idee aan 'n gemeenskapstuin oorkant die kerk gegroei vanuit twee gedagtes:

- Ons wou die munisipale reserwe weer laat mooi lyk, omdat dit vreeslik verwaarloos en vuil was. Ons gebruik dit vir parkering, maar wat gee ons terug? het ons gewonder. Ons het gevoel ons het 'n verantwoordelikheid. Ons het gedink, maar as ons nie iets gaan doen nie, wie sal?
- Dit is 'n manier om met die breër gemeenskap om die kerk kontak te maak. Die strate om Stellastraat het baie stappers, en ons tuin het mense aan die praat gekry: Wat doen julle hier? Hoekom doen julle dit? Wie betaal julle hiervoor?

Om die tuin aan die gang te kry het ons met die stadsraad gaan praat om toestemming te vra. Ons het gehoor dat solank ons nie permanente strukture oprig of die sig van motoriste beperk nie, ons kan doen wat ons wil, ons het toestemming. Maklik! Ons het besluit om 'n tuin te ontwerp wat bestaan uit 'n kombinasie van blomme, groente en kruie. 'n Landskapargitek in die gemeente het ons gehelp om dit uit te lê, en ons het aan die werk gespring.
Gemeentelede het plante gebring en geborg en ons het palette en motorbande gebruik om planthouers te maak waarin ons alles kon plant. Die kategeseklasse het elkeen 'n planthouer gekry om op Omgeewingsondag te verf en te beplant met wat hulle ook al wil, en hulle moes vir drie Sondae daarna gaan inspeksie hou. Dit was 'n groot sukses.
Die tuin het in die afgelope drie jaar mooi wortelgeskiet in die gemeenskap. Ons het 'n gemeentevrywilliger wat saam met haar tuinman twee maal per week in die tuin werk en die bossies in toom hou. Tannie Moedie het baie stories om te vertel van mense wat daar verbystap en met haar praat. Sy vertel hulle van ons gemeente en ons hart vir ons omgewing. Sy nooi hulle om die tuin hulle eie te maak en te pluk wat hulle wil, te plant wat hulle wil en bossies uit te trek as hulle lus is. Ons sien gereeld plante in die tuin wat niemand van ons geplant het nie, so dit moet werk! Op hierdie manier probeer ons getuig dat ons in God se wêreld leef en dat ons gemeentelewe ook hiervan moet getuig.
As jy meer wil weet, kontak gerus vir ds Fouché de Wet van NG Stellastraat vir meer inligting, fouche@stellastraat.co.za, 073 234 0156.
(Stellastraat, die NG Gemeente Suidoos-Pretoria) is deel van die Noordelike Sinode. Maak gerus 'n draai by hulle tuin oorkant die kerkkompleks in Olivierstraat, Waterkloof.)

Stuk grond voor die tuin begin is

Planthouers

Die ywerige tuinier, tannie Moedie

Terug

KONFERENSIE OOR DIE HUWELIK

21-22 FEBRUARIE 2017

Wat is 'n Bybelse verstaan van die huwelik. (Net) een man en een vrou? Wat van die Ou Testament se vele vroue en een man – of is dit slegs die Nuwe Testamentiese (Romeinse) manier van net een vrou per man wat Bybels is. Mag geskeidenis weer trou of geld die eerste huwelik vir ewig. Is enkel of saamgestelde gesinne 'n gesin en wat daarvan as daar geen kinders is nie? Is seksualiteit of intimiteit net deel van die huwelik en is 'n huwelik sonder seks 'n huwelik? Is die bevestiging van 'n huwelik 'n kulturele, kerklike of staatsregtelike aktiwiteit?

Die jongste besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk oor Selfdegeslag verhoudinge beklemtoon juis die noodsaaklikheid dat daar opnuut deeglik besin moet word oor die wese van die huwelik.

Om die vrae aan te spreek bied die NG Kerk Raslouw 'n tweedag konferensie aan waarna ons jou nooi om te kom deelneem, saamgesels en riglyne definieer. Die formaat sal wees dat onderwerpe ingelei word deur sprekers gevolg deur gefasiliteerde paneelbesprekings en vraesessies.

Sprekers wat sal optree sluit onder andere in drr. Fanie Cronje, James Kirkpatrick, Johan van den Heever, Dewyk Ungerer enProff Johan van der Merwe en Daniel Louw.

Onderwerpe wat onder andere hanteer gaan word is:

- Oorsprong en definisie van die huwelik in die Ou Testament
- Oorsprong en definisie van die huwelik in die Nuwe Testament
- Wat se die Bybel oor die huwelik en egskeiding/tweede huwelike
- Huwelik - die rol van die staat, huidige wetgewing en burgerlike verbintenisse
- Die gesin in die Bybel – model vir vandag?
- Seksualiteit en intimiteit se rol in die huwelik – wat sê die Bybel

Plek: NG Kerk Raslouw [www.ngkerkraslouw.co.za]
Tyd: Dinsdag 21 en Woensdag 22 Februarie 2017 (09:00 tot 17:00 dag een en 09:00 tot 16:00 dag twee).
Bespreking: Kerkkantoor NG Raslouw: Me Louisa Blignaut - Tel 012 x 654 0572 of by epos raslouw3@mweb.co.za teen Woensdag 15 Februarie 2017. (Slegs plek vir 300)
Kostes: R500 wat 6 teetye en 2 middagetes insluit. (Elektronies inbetaal – ABSA Mall@Reds. Takkode:336 345. NG Raslouw. Rek nr: 326014111. Verwysing: Kursus en jou van).
Akkommodasie: Nick Hanekom. Tel 083 709 3917 of by epos mahanya@mweb.co.za
Navrae: Dr Dewyk Ungerer – tel 082 572 6463 en epos dewyku@iafica.com of ds Marius Cornelissen – tel 0825611820 of epos mariusco@lantic.net
VBO Krediete: Kursusgangers ontvang 11 VBO krediete

Terug

Inskrywingsvorm

Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Menswaardigheid - Wat is die mens dan?

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Van**	
	Naam	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	

	Kontaknommers	**Sel**	**Telefoon**

Registrasie	Fooi	**R300-00 p/p** **(R180-00 p/p vir studente, emeriti en pensionarisse)**
	Kursus	**Menswaardigheid 'Wat is die mens dan?"**
	Kursusdatum	**9 Maart 2017 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**St Augustine College of SA, 53 Ley Rd, Victory Park, Jhb** http://www.staugustine.ac.za/contact
	Sluitingsdatum	**6 Maart 2017**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

UP Fakulteit Teologie

Uitnodiging na Wydingsdiens en Simposium en derde AS Geyser Gedenklesing

'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'
HTS Teologiese Studies* en *Verbum et Ecclesia
Simposium oor opdra van die Eeufeesuitgawes

Maandag, 6 Maart 2017 om 14:00, Merensky-ouditorium, Universiteit van Pretoria
Die voorsitter van die redaksie van *HTS Teologiese Studies*, prof Ernest van Eck, en die voorsitter van die redaksie van *Verbum et Ecclesia*, prof Cas Wepener, nooi u vriendelik uit na 'n simposium op *6 Maart 2017* in die Ouditorium van die Universiteit van Pretoria se Merensky-biblioteek om 14:00.

Die adjunkdekaan, Dirk Human, en die onderskeie hoofredakteurs van die twee vaktydskrifte sal as voorsitters optree. Tydens hierdie middagsessie van die eeufeesvieringe sal 'n *HTS*-huldigingsbundel aan emeritus professor Graham Duncan oorhandig word.
Temas wat tydens die simposium bespreek sal word, is onder andere:

- 'Transformation in the Faculty of Theology at UP'
- 'The study of religion and theology at the University of Pretoria: A century of endeavour in conditionalistic perspective'
- 'The place of a Faculty of Theology at a South African university'
- The Faculty Research Theme, 'Ecodomy – life in its fullness', with the focus on the subthemes 'brokenness' and 'wholeness'

Die simposium maak deel uit van die Fakulteit Teologie se eeufeesvieringe en vind na afloop van die jaarlikse opening van die Fakulteit Teologie plaas. *Hierdie wydingsdiens begin om 10:00 in die Musaion*. *Die simposium begin om 14:00 in die Merensky Ouditorium*. Die tema van die eeufeesviering is 'Oopmaak van die hekke', wat dui op ons voorneme om die gebeure van die afgelope honderd jaar as oriëntering vir die volgende eeu te gebruik. U word ook vriendelik uitgenooi om hierdie wydingsdiens by te woon.

RSVP asseblief teen *20 Februarie 2017* deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur.

'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'
Derde A.S. Geyser Gedenklesing

Donderdag, 30 Maart 2017 om 14:00, Universiteit van Pretoria
Die hoof van die Department Nuwe-Testamentiese Wetenskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, prof Gert Steyn, en prof Andries van Aarde, emertius professor in die Dekaan se Kantoor, nooi u vriendelik uit na die Derde A.S. Geyser Gedenklesing wat op *30 Maart 2017* om 14:00 in die Ouditorium van die Merensky Biblioteek op die Universiteit van Pretoria se Hatfieldkampus aangebied sal word.

Die lesing, getitel 'There is only one Church!: Albert Geyser's ecclesiology in *Vertraagde Aksie*', maak deel uit van die die Fakulteit Teologie se eeufeesvieringe in 2017 en sal aangebied word deur dr Wim Dreyer, dosent in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg en voormalige voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
U word ook hartlik uitgenooi om na afloop van die lesing verversings saam met dr Dreyer en sy Gerda te geniet.

RSVP asseblief teen *20 Maart 2017* deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:
** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

Ten slotte

Terug